Hoërskool Kempton Park

REGLEMENT VIR TOEKENNINGS

1. INLEIDING

1.1 DOELSTELLING

- Om aan leerlinge erkenning te gee dat hy/sy hom/haar op een of ander gebied onderskei het.
- Om leerlinge aan te spoor tot deelname , beter prestasie en talentontwikkeling.

1.2 TOEKENNINGS KAN OP DIE VOLGENDE TERREINE GEMAAK WORD

1. Skoolbesoek
2. Akademie
3. Sport
4. Kultuur
5. Dienslewering
6. Musieksentrum
7. Leierskap

1.3 BASIESE BEGINSELS

1. Enige toekenning moet opvoedkundig verantwoordbaar wees.

2. Die stelsel, meriete of reglemente van toekenning moet regverdig en objektief wees.

3. Toekennings moet nie 'goedkoop' wees nie, daar moet altyd 'n uitdaging tot beter prestasies wees.

4. 'n Meriete-toekenningskomitee wat sal bestaan uit die Hoof, adjunkhoofde, hoofde van aktiwiteite (sport, kultuur, leierskap, akademie) en organiseerder van die aktiwiteit sal die reglemente vir toekennings goedkeur en van tyd tot tyd aanpassings ondersoek en maak.

5. Die hoof van 'n aktiwiteit tesame met die organiseerder en afrigter bepaal watter leerlinge bekroon word en watter toekenning gemaak word. Dit moet met motivering aan die Meriete komitee (soos in 4) voorgelê word vir goedkeuring.

6. Toekennings kan slegs aan bona-fide ingeskrewe leerlinge of oudleerlinge van die skool gemaak word.

7. Die Meriete-toekenningskomitee kan ook gemotiveerde voorstelle doen vir spesiale toekennings aan oud-leerlinge, buitestaanders of vir besondere ander prestasies. Finale goedkeuring berus egter by die Hoof.

8. Die volgende toekennings word gemaak:
   - **Meriete sertifikaat** – Dieselfde sertifikaat vir alle aktiwiteite
   - **Halfkleure** – Sertifikaat plus 'n balkie wat op die skoolbaadjie gedra word.
   - **Erekleure** – Sertifikaat plus 'n erekleure sakwapen, 'n verguldebalkie en 'n goue koord wat op die skoolbaadjie gedra word.
   - **Erepenning** – 'n metaalbalkie wat op die skoolbaadjie gedra word. Moet op erekleure baadjie gedra word.

9. Balkies, koord, erekleurewapens en erepennings moet self deur leerlinge aangekoop word.

10. Alle toekennings word aan die Hoof voorgelê en finale goedkeuring berus by hom.

11. Met alle toekennings moet die afrigter/organiseerder tevrede wees dat die leerling 'n sinvolle bydrae tot die sukses van die span gelewer het. Bywoning van oefeninge en/of wedstryde gespeel moet in ag geneem word en 'n leerling moet ten minste 75% van oefeninge / ligawedstryde bywoon/speel.

12. Reserwes ontvang die toekenning van die span mits hulle vir 75% van die wedstryde reserwes was, en oefeninge bygewoon het.

13. Die breë beginsels vir toekennings is as volg:
   - **Meriete sertifikaat** – vir deelname aan 'n aktiwiteit
   - **Halfkleure** – deelname op streekvlak / uitnodigingspan
   - **Erekleure** – provinsiale span / deelname op nasionale vlak
   - **Erepenning –** plekke 1 tot 3 nasionaal/internasionale deelname

14. Met die derde toekenning van halfkleure ontvang 'n leerling erekleure.

15. Indien 'n leerling/span aan meer as een vereiste vir 'n toekenning voldoen word slegs die **hoogste** toekenning gemaak. 'n Leerling/span kan slegs **EEN** toekenning per aktiwiteit per jaar ontvang.

16. Die topbestuur van die skool behou die reg voor om ander toekennings te maak vir uitsonderlike prestasie wat nie in hierdie reglement omskryf is nie.

17. 'n Leerling wat gedurende die jaar waarin die prestasie gelewer is skuldig bevind word aan wangedrag en/of aan dissiplinêre optrede onderwerp word mag sy/haar toekenning verbeur.

UITEENSETTING VAN TOEKENNINGS VOLGENS AKTIWITEITE

2. AKADEMIE

2.1 PROMOSIEPUNTE

Graad 8 en 9

* *Meriete Sertifikaat*
  - 75% – 79% gemiddeld volgens promosiepunt.
* *Halfkleure*
  - 80% – 89% gemiddeld volgens promosiepunt.
* *Erekleure*
  - 90 % en hoër gemiddeld volgens promosiepunt.

Graad 10, 11 en 12

* *Meriete Sertifikaat*
  - 65% - 69% gemiddeld volgens promosiepunt.
* *Halfkleure*
  - 70% - 79% gemiddeld volgens promosiepunt.
* *Erekleure*
  - 80% en hoër gemiddeld volgens promosiepunt.
  - Met derde toekenning van halfkleure
* *Erepenning (Slegs vir Gr.10, 11 en 12)*
  - 7 of meer onderskeidings in die eindeksamen (Gr. 10 en 11) en rekordeksamen (Gr.12).
* *Spesiale toekenning*
  - Gr.12 leerlinge wat 7 of meer onderskeidings behaal in die Gr.12 eindeksamen.

OLIMPIADES

* *Meriete Sertifikaat*
  Aan leerlinge wat plekke 1-10 in 'n steekskompetisie behaal.
* *Halfkleure*
  - Aan leerlinge wat plekke 3-15 in 'n provinsiale kompetisie behaal.
  - Aan leerlinge wat na 'n landswye finaal genooi word.
* *Erekleure*
  - Aan die wenner/naaswenner van 'n provinsiale kompetisie.

* Erepenning
  - Aan leerlinge wat plekke 1-3 behaal nasionaal.

2.2 VAKPRESTASIES

Graad 8, 9, 10 en 11

- Die leerling wat die hoogste persentasie in ’n vak behaal, ontvang ’n kontantprys
- Indien meer as 1 leerling dieselfde prestasie behaal word die trofee gedeel.
- Moet minimum prestasie van 80% behaal.
- Vaktoekenings word gemaak ongeag die aantal leerlinge wat die vak neem.

Graad 12

- Die leerling met die hoogste gemiddelde persentasie na die rekord eksamen is die Dux leerling en hy/sy ontvang ‘n trofee en ’n kontantprys.
- Beste vak prestasie word bereken op promosiepunt na rekord-eksamen. Leerlinge moet 80% of meer behaal om te kwalifiseer vir die toekenning. Leerlinge wat die beste prestasie in ’n vak behaal ontvang ’n trofee en ’n kontantprys.

2.3 TOP 10 EN TOP 20 LEERLINGE

- In kwartale 1,2 en 3 word die top 20 presteerders vir elke kwartaal volgens gemiddelde persentasie aangewys.
- Op die Akademiese Meriete Aand ontvang die Top 10 leerlinge volgens die promosiepunt ‘n balkie wat die leerling se eiendom bly.
- Leerlinge wat no.1 op die Top 10 is ontvang ’n spesiale vergulde balkie, ’n wisseltrofee en ’n klein trofee wat sy/haar eiendom bly.
- Waar leerlinge se gemiddeld dieselfde is, verval die volgende plek, bv. beste leerling = No. 1 twee leerlinge.2 dan is daar geen tweede plek nie, ens.
- In Gr. 10, 11 en 12 word die gemiddeld bepaal volgens prestasie in Afrikaans, Engels, Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid, LO en 3 beste keusevakke

3. SPORT

- Hierdie toekennings gemaak aan sportsoorte wat amptelik deur die skool aangebied en bestuur word.
- Lede van spanne moet minstens 75% wedstryde gespeel en oefeninge bygewoon het om in aanmerking te kom vir die span se toekenning.
- Reserwes wat aan bg. vereiste voldoen word beskou as spanlede al het hulle nie in elke wedstryd gespeel nie.
- Leerlinge wat op klubvlak aan sport deelneem en gekies word vir 'n provinsiale span ontvang 'n sertifikaat. Plekke 1 tot 3 op nasionale vlak ontvang 'n erepenning.

3.1 ARTISTIESE GIMNASTIEK, RITMIESE GIMNASTIEK, TUIMEL , MINI-TRAMPOLIEN EN DUBBEL MINI.

* *Halfkleure*
- Wenners van spankompetisie van Oos-Gauteng. (Ritmies/Artisties)
- Oos- Gauteng kleure (Ritmiese, Tuimel, Mini-trampolien en Dubbel mini)

* *Erekleure*
- Lid van Gauteng span en deelname aan S.A kampioenskappe.

* *Erepenning*
- Nasionale medalje wenners

3.2 ATLETIEK

- Toekennings word gemaak met inagneming van alle byeenkomste **BEHALWE** huissport

* *Meriete sertifikaat*
- Punte van 750-849 op ABSA tabel.
- Lid van Top 10 / Top 12 / Top 15 / Top 20 / Top 30 span
- Lid van Super Interhoër A-span
- Plekke 1-3 op Super Interhoër B-span

* *Halfkleure*
- 3 jaar lid van Interhoërspan
- 4 jaar en meer lid van span (hertoekenning).
- Punte van 850-999 op ABSA tabel
- 2e en 3e Top10 / Top 12 / Top 15 / Top 20 / Top 30 span
- Lid van die D17 (EN) span en deelname aan Gauteng Kampioenskappe

* *Erekleure*
- Punte van 1000 en beter op die ABSA tabel
- Lid van die Gauteng skole/ Sentraal Gauteng span en deelname aan nasionale kampioenskappe
- Lid van die SA Span
- 3 maal halfkleure.

* *Erepenning*
- Nasionale medalje wenners / Internasionale deelname

3.3 BERGFIETSRY

* *Meriete*
  - Deelname aan ¾ liga byeenkomste (3 Uit 4) 75% - Spur-Liga Kompetisie
* *Halfkleure*
  - 2 Jaar Lid van 1ste Span
* *Erekleure*
  - Provinsiale Kleure
  - Deelname aan Nasionale / Inter-Provinsiale Kompetisies.
  - 3x Halfkleure
  - Wenner van Afdeling (Ouderdom) in hele liga Kompetisie (Wentrui Verower)
* *Erepenning*
  - Verwerf Nasionale Klere / Wenner van Nasionale reeks bv. Ashburton
  - Nasionale medalje wenners / Internasionale deelname

3.4 CHEERLEADING

* *Halfkleure*
  - Deelname aan provinsiale kompetisie.
* *Erekleure*
  - Deelname aan Nasionale kompetisie / Lid van provinsiale span.
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners / Lid van Nasionale span.

3.5 GHOLF

* *Halfkleure*
  - Wenners van die B en C liga
  - 2 jaar lid van die eerste span
* *Erekleure*
  - Wenners van die A liga
  - Lid van Provinsiale span en deelname
  - Tuksreeks wenners
  - 3 maal halfkleure
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners / Internasionale deelname

3.6 HOKKIE – DOGTERS & SEUNS

* *Meriete Sertifikaat*
  - Lid van span
* *Halfkleure*
  - 2 jaar lid van die eerste span.
  - Tuksreeks – B-span wenners
  - Tuksreeks: plekke 3 en 4 (A-spanne en 1ste-span)
  - A- en B-spanne wat Oos-Gauteng liga wen
  - Plekke 1 tot 4 op provinsiale kampioenskappe
  - Span wat aan Noordvaal deelneem

HOKKIE – DOGTERS & SEUNS (VOLG)

* *Erekleure*
  - Hertoekenning: 3de en 4de jaar lid van die eerste span
  - Tuksreeks: plekke 1 en 2: (A-spanne en 1ste-span)
  - Lid van Provinsiale span
  - 3 maal halfkleure
  - Span wat plekke 1 tot 8 in Noordvaal kompetisie verower

* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners
  - Internasionale deelname

3.7 JUKSKEI

* *Meriete Sertifikaat*
  - Lid van span

* *Halfkleure*
  - 2 jaar lid van eerste span.
  - Naaswenners van sentraal Oos-Gauteng liga (A-span en 1ste span)
  - Wenners van Oos-Gauteng liga. (A-span en 1ste span uitgesluit)
  - Hertoekenning: 4de en 5de jaar lid van eerste span.

* *Erekleure*
  - Lid van Provinsiale span. (bo 15)
  - 3 maal halfkleure
  - Wenners/naaswenners van die Direkteurstrofee.
  - Wenners van Oos-Gauteng liga(A-span en Eerstespan).

* Erepenning
  - Lid van Nasionale span / Nasionale medalje wenners

3.8 KRIEKET

* *Meriete Sertifikaat*
  - Lid van span

* *Halfkleure*
  - 2 jaar lid van eerste span.
  - B en C liga wenners
  - Streek deelname (lid van Kempton Park span wat aan streek kompetiesie gaan deelneem.
  - A-spanne wat 1e en 2e eindig in liga

* *Erekleure*
  - Lid van Oos-Gauteng span en deelname
  - 3 maal halfkleure
  - Spanne wat kwalifiseer vir Gunn & Moore kompetisie (o/15 & 1e)

* *Erepenning*
  - Lid van SA skole span

3.9 LANDLOOP

* *Meriete sertifikaat*
  - Lid van Groter Kempton park span
  - Lid van Nupower of Noordvaalspan
  - Span wat wenners van Kempton Streek is.
* *Halfkleure*
  - Lid van D17 span en deelname aan die Gauteng Kampioenskappe
  - Aflosspan wat Noordvaal wenners is
  - Span wat aan die Noordvaal deelneem
  - Span wat plekke 1-3 behaal op Suid-Gauteng span kompetisie
* *Erekleure*
  - Lid van Gauteng skole/ Sentraal Gauteng span
  - Wenners van die Tuks-kompetisie
  - Span wat in Noordvaal kompetisie plekke 1-3 behaal.
  - 3 maal halfkleure
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners / Lid van SA Span

3.10 MUURBAL

* *Meriete Sertifikaat*
  - Lid van span
* *Halfkleure*
  - 2 jaar lid van eerste span.
  - Naaswenners van Oos-Gauteng liga (A-span en 1ste-Span)
  - Wenners van die Oos-Gauteng liga. (B-span en 2e span)
* *Erekleure*
  - Provinsiale kleure
  - Wenners/Naaswenners Tuksreeks
  - Kwalifiseer vir SA Top Skole
  - 3 maal halfkleure
  - Wenner van Oos-Gauteng liga (A-span en 1ste-Span)
* *Erepenning*
  - SA Topskolewenners
  - Nasionale medalje wenners / Lid van SA Span

3.11 NETBAL (7 SPAN) EN FAST 5 (5 SPAN)

* *Meriete sertifikaat*
  - Lid van span A, B en C span vir skool.
  - Prestasie plekke, 1ste tot 3de plek Coke-reeks
  - Deelname aan Ekurhuleni Liga A wedstryde.
  - Fast 5 - Deelname aan Ekurhuleni wedstryde.
* *Halfkleure*
  - 2 jaar of meer lid van die eerste span.
  - Wenners van Ekurhuleni Liga A (A, B+C spanne).
  - Span kwalifiseer vir deelname aan GISSA kampioenskappe
  - Fast 5 – kwalifiseer vir Gauteng uitspele.

* *Erekleure*
  - Span kwalifiseer vir deelname aan die Nasionale kampioenskappe.
  - o/15A span eindig onder eerste 5 plekke in Gauteng.
  - Verwerf vir die 3de keer halfkleure
  - Lid van Gauteng span.
  - Fast 5 – Kwalifiseer vir SA's (0/15 en 0/17)

* *Erepenning*
  - Lid van SA-span
  - Plekke 1 tot 3 op nasionale kampioenskappe.
  - Protea/SA kleure
  - Internasionale deelname.
  - Fast 5 – Behaal plekke 1 tot 3 op Fast 5 SA's.

* *Beste speler van O/14 – O/19*
  - Hoogste kwalifikasie per ouderdomsgroep.
  - Deel as meer kinders dieselfde kwalifikasie het.
  - Geen toekenning word gemaak as speler nie ten minste Ekurhuleni-span behaal het nie.
    bv. 1. SA kleure
    2. Kaptein Gauteng Span
    3. Gauteng span
    4. Ekurhuleni span
    5. D6 span
    6. Kempton span
    7. Kaptein Skoolspan
    8. Onderkaptein Skoolspan
  - Toekenning kan slegs gemaak word as speler 75% van alle wedstryde en oefeninge bygewoon het.
  - Speler met hoogste prestasie ontvang toekenning.

* *Beste span*
  - Net soos bogenoemde sal dit bepaal word deur skoolbestuur.
  - Spanne sal hul "CV's" inhandig en dan sal dit op die 7 puntestelsel hieronder beoordeel word.
  - Slegs prestasies op Fast 5, Liga, Gauteng en Nasionaal sal in aanmerking geneem word.
    1. Plekke 1 tot 3 nasionale kampioenskappe. Fast 5 en Netbal.
    2. Speel uit vir laaste 8 plekke van Nasionale kampioenskappe.
    3. Span kwalifiseer vir deelname aan Nasionale kampioenskappe.
    4. Ekurhuleni ligawenners.
    5. Span kwalifiseer vir deelname aan GISSA.

3.12 RINGBAL

* *Meriete sertifikaat*
  - Lid van span

* *Halfkleure*
  - 2 jaar of meer lid van die eerste span
  - Lid van Ekurhuleni Noordspan (Distrikspan)
  - Wenners Ekurhuleni Noord-liga

* *Erekleure*
  - 3 maal halfkleure
  - Gekies as lid van SA Uitnodigingspan/SA Presidentspan
  - Ligawenner van Ekurhuleni Noord liga

* *Erepenning*
  - SA-Span Protea kleure/ Internasionale deelname (skoolvlak)

* *Beste speler van O/14 – O/19*
  - Hoogste kwalifikasie per ouderdomsgroep.
  - Deel as meer kinders dieselfde kwalifikasie het.
  - Geen toekenning word gemaak as daar nie uitsonderlike prestasie was nie. bv.
    1. SA kleure
    2. Kaptein Gauteng Span
    3. Gauteng span
    4. Ekurhuleni span
    5. D6 span
    6. Kempton span
    7. Kaptein
    8. Onderkaptein
  - Toekenning kan slegs gemaak word as speler 75% van alle wedstryde en oefeninge bygewoon het.

* *Beste span*
  - Net soos bogenoemde sal dit bepaal word deur sportkomitee.
  - Spanne sal hul "CV's" inhandig en dan sal ons dit op 'n puntestelsel beoordeel.

3.13 RINGTENNIS

* *Meriete sertifikaat*
  - Lid van span

* *Halfkleure*
  - Gauteng kampioen (O/16 of O/21).
  - Naaswenners van span wat die provinsiale liga wen (A- en 1ste span).
  - Wenners van provinsiale liga (B-span en 2e span).
  - Lid van die SA uitnodigingspan.

* *Erekleure*
  - Lid van Senior Provinsiale span.
  - Wenner/naaswenner van SA kampioenskappe.
  - Span wat die provinsiale liga wen (A-span en 1ste span).
  - 3 maal halfkleure.

* *Erepenning*
  - Lid van SA span.

3.14 RUGBY (15-MAN EN 7'S)

* *Meriete sertifikaat*
  - 2des en B-spanne: eindig algeheel tweede of derde in TuksSkole-Reeks/Virsekeker Beker
  - Sewes: deelname aan 2 Valke toernooie
* *Halfkleure*
  - 2de en B-spanne: wenners in TuksSkole-Reeks/Virseker Beker
  - 1ste en A-spanne: derde of vierde in TuksSkole-Reeks/Virsekeker Beker
  - Twee jaar lid van Eerstespan
  - Sewes: Wenners van 'n Valke toernooi / Kwalifiseer vir deelname aan Noordvaal toernooi
  - Lid van provinsiale span wat aan uitnodigingsweek gaan deelneem.
* *Erekleure*
  - 1ste en A-spanne: Wenners of Naaswenners in TuksSkole-Reeks/ Virsekeker Beker
  - Sewes: plekke 1 tot 8 by Noordvaaltoernooi (o/15 en o/17)
  - Lid van Provinsiale skolespan (15-man en 7's) wat aan nasionale toernooi gaan deelneem.
  - 3 x Halfkleure
* *Erepenning*
  - Lid van SA Skole-span (15-man en 7's)

3.15 RUITERSPORT

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname aan Ekurhuleni Kampioenskappe
* *Halfkleure*
  - Plekke 1-3 by Ekurhuleni Kampioenskappe
  - Lid van span wat Ekurhuleni kampioenskappe wen.
* *Erekleure*
  - Lid van Provinsiale span.
  - Wenner by provinsiale kampioenskappe
  - Lid van span wat provinsiale liga wen.
  - 3 maal halfkleure
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners / Lid van SA Span / Internasionale deelname

3.16 SKAAK

* *Meriete sertifikaat*
  - Lid van span en 75% bywoning van oefeninge
  - Lid van Tuksreeks
* *Halfkleure*
  - Wenners D6 liga.
  - 3 jaar lid van eerste span (indien meer as 1 span)

SKAAK (VOLG)

* *Erekleure*
  - Lid van provinsiale span (Toekenning word gemaak in die volgende jaar nadat die toernooi bygewoon is in Desember)
  - 3 maal halfkleure.
  - Wenners Tuksreeks, Top skole toernooi aangebied deur Gauteng skaak

* *Erepenning*
  - Springbok / Protea kleure / Internasionale deelname

Beste skaakspeler
Kriteria
- Springbok / Protea kleure / Internasionale deelname
- Provinsiale kleure
- Prestasie toekenning/s by die Tuksreeks:
  - Bordprys
  - Toekenning vir punte bymekaar gemaak tydens al die wedstryde

3.17.1 LUGGEWEER SKIET

Skuts moet ten minste 75% van kompetisies bywoon om in ag geneem te word vir enige toekennings
Alle kompetisies wat onder die beheer van die volgende organisasies geskiet word, word erken:

- SANSSU - South African National School Shooters Union
- ESSU - Ekurhuleni School Shooters Union – Eastern Gauteng
- SAARA - South African Rifle Association
- GTRA – Gauteng Target Air Rifle Association

** Meriete sertifikaat*
- Skuts wat op klubvlak / streeksvlak aan die sport deelneem

** Halfkleure*
- Lid van 'n provinsiale span wat aan nasionale toernooie deelneem (SA's)

* *Erekleure*

A. Veer klas
   - O/14 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 61.75% baseer op die groot totaal behaal
   - O/16 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 64.75% baseer op die groot totaal behaal
   - O/20 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 67.75% baseer op die groot totaal behaal

B. Sporter klas
   - O/14 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 72.5% baseer op die groot totaal behaal
   - O/16 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 77.5% baseer op die groot totaal behaal
   - O/20 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 80.5% baseer op die groot totaal behaal

LUGGEWEER SKIET (Vervolg)

C. Presisie klas
- O/14 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 85.49% baseer op die groot totaal behaal
- O/16 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 88.58% baseer op die groot totaal behaal
- O/20 – Skut moet tydens 'n SA's ten minste 'n gemiddelde van 91.33% baseer op die groot totaal behaal
- 3 maal halfkleure

** Erepenning*

- Toekenning van SANSSU skole kleure – alle skiet klasse
- Toekenning van Junior Protea / Protea kleure – Presisie klas
- Algehele wenners 1ste tot 3de plek tydens 'n SA's
- Lid van SAARA Ontwikkelingspan wat internasionaal aan kompetisies deel neem.

3.17.2 KLEIN KALIBER SKIET (.22)

Alle kompetisies wat onder die beheer SATRA geskiet word, word erken

** Meriete sertifikaat*

- Skuts wat op klubvlak / streeksvlak aan die sport deelneem

** Halfkleure*

- Skut met C-gradering wie as Lid van 'n SATRA provinsiale span aan 'n nasionale toernooi deelneem (SA's)

** Erekleure*

- Verwerwing van Junior Protea / Protea kleure
- Skut met B-gradering wat as Lid van 'n SATRA provinsiale span aan 'n nasionale toernooi deelneem (SA's)

** Erepenning*

- Verwerwing van goue medalje tydens SA's in span verband of op individuele vlak – A-klas of B-klas skuts

3.1.7.3 BISLEY LANGAFSTAND SKIET

Skuts moet lid van SABU (Suid-Afrikaanse Bisley Unie) wees.

Alle kompetisies wat onder die beheer van SABU, of erkende klubs geregistreer aan SABU geskiet word, word erken

** Meriete sertifikaat*

- Skuts wat op klubvlak / streeksvlak aan die sport deelneem

** Halfkleure*

- Lid van provinsiale span wat aan nasionale toernooie deelneem (SA's)

BISLEY LANGAFSTAND SKIET (volg)

** Erekleure*

- TR-klas (.308 Oop visier) – Skut (individueel) moet ten minste 170 uit 200 skiet oor 300, 600, 800 en 900m tydens SA's
- F-klas (.308 teleskoop) – Skut (individueel) moet ten minste 175 uit 200 skiet oor 300, 600, 800 en 900m tydens SA's
- Lid van Junior 0/19 Protea Oefenspan

** Erepenning*

- Verwerwing van Junior Protea / Protea kleure
- Verwerwing van goue medalje tydens SA's in span verband of op individuele vlak – TR-klas en F-klas

3.18 TENNIS

** Meriete sertifikaat*

- Lid van skoolspan

** Halfkleure*

- Naaswenners van provinsiale liga (A-span en 1stespan).
- Wenners van provinsiale liga (B en spanne)
- Tuksreeks 3e en 4e plek

** Erekleure*

- 2 jaar lid van eerste span
- Lid van Provinsiale span.
- Lid van span wat plekke 1 en 2 behaal in provinsiale liga (A-span en 1ste span).
- 3 maal halfkleure.
- Tuksreeks Wenners
- nr. 2-50 op SA ranglys

** Erepenning*

- Kwalifiseer en neem deel aan nasionale/internasionale toernooi
- Lid van SA skolespan

4. KULTUUR

4.1 DEBAT

AFRIKAANS

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname aan 1ste Rondte
* *Halfkleure*
  - Kwalifiseer vir halfeindrondte by ATKV
* *Erekleure*
  - Provinsiale wenners by ATKV halfeindrondte.
  - 3 maal halfkleure.
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners

ENGELS (UN Debate)

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - Ongeag watter kompetisie Wenners van 'n streek/ provinsie/streek
* *Erekleure*
  - Provinsiale wenners ongeag tipe kompetisie
  - 3 maal halfkleure.
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners

4.2 ENGLISH PUBLIC SPEAKING

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - Streekswenners
* *Erekleure*
  - Provinsiale wenner
  - 3 maal halfkleure.
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners

ENGELS SPEECH COMPETITION

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - 3 en meer kere wenner

4.3 KOOR

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - Distrik wenners van Ivumo
  - 3 of meer jaar lid van skoolkoor
  - Goue sertifikaat by ATKV (streeksafdeling)
  - Deelname aan Tshwane jeugkunste fees
* *Erekleure*
  - 3 maal halfkleure
  - Lid van provinsiale jeugkoor indien die leerling ook in skoolkoor sing
  - Lid van koor wat provinsiale item wenner is (SASCE of ander geakkrediteerde kunswedstryd vereniging)
  - Deelname aan ATKV Nasionale Kompetisie
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners

4.4 KUNSWEDSTRYD (TEL VIR ENIGE KW VERENIGING)

- L.W. Hierdie kriteria geld vir enige geaffilieerde KUNSWEDSTRYD Vereniging en wat 'n grondwet onderskryf.

Dit sluit verenigings in soos:

- Kempton Park se kunswedstydvereniging
- Beyond 2000 (Uitvoerende Kunste)
- SATCH
- Hettie Kritzinger Drama Skool
- Cilli Cilliers – Drama-skool
- Talent Africa

- Punte toekenning: Volgens sertifikate vir kunswedstryde:
  – Brons = 1 ; Silwer = 2 ; Chroom = 3 ; Goud = 4 ; Platinum = 5 ; Diploma = 6 en Prestige = 7 punte; Trofeë wenners = + 2; Itemwenner = + 2; Afdelingswenner = + 2

  (Dit geld vir individuele items sowel as groepsitems.)
- Items kan **slegs een keer** vir puntetoekenning tel. (hetsy aan een of meer kunswedstryd deelgeneem).
- Slegs die hoogste toekenning van 'n item word in aanmerking geneem.
- Indien halfkleure of erekleure vir **toneel** en **koor** verwerf word tel die prestasie vir toneel en koor **NIE** vir Kunswedstryd toekennings nie.
- Musieksentrumleerlinge se prestasies in Kunswedstryd word in berekening gebring.
- Leerlinge wat musiek neem by UNISA, Trinity College of ABRSM (Royal Schools of Music) se prestasies tel as volg:
  Slaag met lof = 4 punte
  Eervolle vermelding = 3 punte
  Slaag = 2 punte

* *Meriete Sertifikaat*
- Deelname
- 20 Punte per jaar

* *Halfkleure*
- 60 Punte per jaar (moet 3 goue toekennings insluit).

* *Erekleure*
- 100 Punte per jaar (5 goue toekenning en minstens 3 itemwenners)
- Uitvoerende kunste: Nasionale deelname

* *Erepenning*
- Nasionale medalje wenners

Alle leerlinge se prestasies word volgens bogenoemde kriteria beoordeel ongeag aan watter vereniging deelgeneem word.

Uitvoerende kunste word geag as deel van kunswedstryd.

4.5 LANDSDIENS

* *Meriete sertifikaat*
  - 1 streekkamp bygewoon.
  - Bestuur: Voorsitter en sekretaresse.
  - Prestasie toekenning: Silwer vir leierskap
  - 2de jaar bywoning van streekkamp: Impala toekenning
* *Halfkleure*
  - Bywoning van ’n Nasionale kamp.
  - Prestasie toekenning: Goud vir leierskap.
* *Erekleure*
  - 3 keer gekies en bywoning van nasionale kamp.
* *Erepenning*
  - 5 jaar agtereenvolgend die Nasionale kamp bygewoon.

4.6 MNR./ MEJ KEMPIE/ KGT

* *Meriete Sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - Wenners van Kompetisie.

4.7 REVUE

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname
* *Halfkleure*
  - 3 jaar deelname
  - Dring deur na Kaleidoskoop-finaal
  - Deelname aan Tshwane kunstefees
* *Erekleure*
  - Medalje - Wenners - Kaleidoskoop/8-Beats
  - 3 maal halfkleure
  - Deelname aan nasionale kompetisie
* *Erepenning*
  - Nasionale medalje wenners

REVUE-SANGGROEP

* *Meriete sertifikaat*
  - Deelname

Indien die Revue groep Erekleure of Erepenning ontvang, ontvang die Sanggroep halfkleure

4.8 REDENAARS: INDIVIDUEEL

A. INTERNE REDENAARS

* *Meriete sertifikaat*
- Deelname aan interne redenaars

* *Halfkleure*
- 3 en meer kere wenners

B. INDIVIDUELE REDENAARS

(Uitdunne / na skool uitdunne)

* *Meriete sertifikaat*
- Eerste deelname aan 'n kompetisie:
    - ATKV (wenners interne kompetisie)
    - Spraak- en Dramagilde (enige)
    - Radikale Redenaars (enige)
    - Gauteng kompetisie (enige)

* *Halfkleure*
- Wenners gekies vir verdere deelname aan semi / halfeind / streek-kompetisie

* *Erekleure*
- 3 x halfkleure.
- Deelname aan Nasionale kompetisie

* *Erepenning*
- Nasionale medalje wenner

C. REDENAARS: SPAN REDENAARS

* *Meriete sertifikaat*
- Eerste deelname aan 'n kompetisie:
    - ATKV (Suid-Gauteng)
    - Spraak- en Dramagilde
    - Radikale Redenaars
    - Gauteng kompetisie

* *Halfkleure*
- Wenner/naaswenner van graadgroep by:
    - ATKV (Suid-Gauteng)
    - Spraak- en Dramagilde
    - Radikale Redenaars
    - Gauteng kompetisie

D. REDENAARS: SPAN REDENAARS (Vervolg)

* *Erekleure*
- 3 x halfkleure.
- Deelname nasionale kompetisie

* *Erepenning*
- Nasionale medalje wenner

4.9 TONEEL

TONEEL WORD NIE GEAG AS KUNSWEDSTRYD ITEM NIE.

** Meriete sertifikaat*
- Lid van toneelgroep.
- Leerling wat 'n individuele toekenning met streekkompetisie verwerf.
- Algehele wenner by Kempton Parkse Kunswedstryd / A-toekenning.

** Halfkleure*
- 3 jaar deelname in 'n toneelstuk/toneelstukke.
- Wenners van die Suid- Gauteng kompetisie. (ATKV)
- Leerling wat 'n individuele toekenning verwerf met Suid-Gauteng Kompetisie. (Brons medalje)
- Kwalifiseer vir halfeindrondte by ATKV.

** Erekleure*
- Individuele toekenning tydens ATKV kompetisie (landswyd). (Silwer medalje) op provinsiale vlak
- 3 maal halfkleure.
- Wenner van ATKV halfeindrondte
- Deelname aan nasionale ATKV kompetisie

** Erepenning*
- Nasionale ATKV medalje wenner

4.10 VOETSLAANKLUB

** Meriete sertifikaat*
- 2 jaar lid van klub.
- 200 km gestap.
- 2 x as spoorleier opgetree.

** Halfkleure*
- 3 jaar lid van klub.
- 300 km gestap.
- 2 x as spoorleier en 1x as staptoerleier opgetree.

4.11 VOORTREKKERS

** Meriete sertifikaat*
- 5 jaar Voortrekker aaneenlopend.
- 3 Provinsiale kampe bywoon.
- Voldoen aan die vereistes vir die Goue penning.
- Hoofspanleier graad 11.
- Oord hoofspanleier.

** Halfkleure*
- 7 jaar Voortrekker aaneenlopend.
- 4 Provinsiale kampe bywoon.
- Voldoen aan die vereistes vir die blou verkenner penning.
- Hoofleierswag.
- Provinsiale hoofspanleier.

** Erekleure*
- 9 jaar Voortrekker aaneenlopend .
- Voldoen aan die vereistes vir die silwer verkenner penning.
- Presidentsverkenner.

4.12 DIENS

- Toekennings word gemaak aan 'n leerling wat aan die volgende vereistes voldoen het, naamlik:

- Vrywillige noodsaaklike diens lewer vir 'n tydperk van een jaar.
- Aktiwiteite: Klank en Beligting, Noodhulp, Media, Telling hou, Restaurant diens, en andere.

** Meriete sertifikaat*

- Leerlinge moet 40 ure diens lewer.

** Halfkleure*

- Met die toekenning van 3e sertifikaat.
- Leerlinge wat vir 2 jaar na mekaar 40 uur per jaar diens gelewer het.

4.13 MUSIEKSENTRUM

** Meriete sertifikaat*

- 6 jaar ononderbroke musiekonderrig.

** Halfkleure*

- 8 jaar ononderbroke musiekonderrig waarvan minstens 4 jaar aan Hoërskool Kempton Park .

** Erekleure*

- Lid van Provinsiale Jeug orkes.

5 LEIERSKAP

5.1 VLR (VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD)

* *Meriete sertifikaat*
  - Met 1e verkiesing as lid van VLR.
* *Halfkleure*
  - Met 2e verkiesing as lid van VLR.
* *Erekleure*
  - Met 3e verkiesing as lid van VLR.
  - Met 4e verkiesing as lid van VLR – hertoekenning van erekleure.
  - Verkies word as Hoofleier

5.2 KAPTEINE / LEIERS VAN GROEPE / AKTIWITEITE

* *Meriete Sertifikaat*
  - Aan 'n sportkaptein of voorsitter van 'n aktiwiteit wat vir 80% van die tyd/seisoen leier was.
* *Halfkleure*
  - Kaptein / onderkaptein van 'n Provinsiale span.

6 SPESIALE TOEKENNINGS

- In graad 8 tot 11 word 'n toekenning gemaak aan die veelsydigste leerling in elke graad.
- In Graad 12 ontvang die veelsydigste leerling die Beheerliggaamtoekenning
- Trofeë per aktiwiteit word toegeken deur die afrigter/organiseerder aan 'n leerling(e) vir, na die mening van die afrigter/organiseerder, die beste prestasie/meeste toewyding in die aktiwiteit

L.W. Veelsydigheid word bepaal deur leerlinge se betrokkenheid en prestasies op die gebiede van akademie, kultuur, sport en leierskap.